

Dinsdag 30 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-28

Fokusgedeelte: Handeling 14:23

Wanneer alle deure toegaan, maak God sy deure oop!

Dit lyk asof die evangelie se pad tot in Listra, Ikonium en Antiogië in 'n doodloopstraat beland het. Paulus is gestenig en as doodverklaarde uit die stad uitgesleep. Die jong gemeentes is tot in hulle fundamente geskud.

Ook jou lewe en geloof kan in 'n doodloopstraat beland. Waarheen dan? Gaan dan terug na waar alles begin het: God se Woord. Die Here verskuif die fokus van die jong gelowiges weg van hulle nood en hulle vrae. Hy bring by hulle nuwe perspektiewe tuis: Moenie jou blindstaar teen wat jy beleef en sien nie. Solank jy daarop konsentreer, kan jy maklik ontrou raak en alles laat staan. Gaan terug na God en sy beloftes, maar ook na sy opdragte! Hy is getrou. Sy werk gaan voort. Hy gaan voort met sy plan.

Die roete waarlangs sy pad loop, dien om jou te verdiep, te genees en te steriliseer van jou eie mensgemaakte ideale. Dit leer jou om jou weer toe te spits op God se plan vir die groei van sy koninkryk – ook in jou lewe. Hierdie plan loop deur 'n pad wat vol stryd en hindernisse is!

Daarom, moenie jou bedrywighede afskaal nie, maar begin organiseer. Hy roep jou om eienaarskap te aanvaar van sy kerk en koninkryk: om jou plek vol te staan waar Hy jou roep. Beweeg uit en bring hoop aan mense vanuit die gemeente waar jy nou is, en bou so aan God se kerk en sy koninkryk! God is getrou en sal in sy genade ook vir jou deure oopmaak om die oorwinningsboodskap altyd verder uit te dra!

Sing: Psalm 128-1:1, 4

Ds. SFF van der Walt (Steve) (Kathu/Olifantshoek)